


# Só sleep trust jou na armoede

Soos tevore al gesê, is 'n trust 'n goeie entiteit om bates in te hou as jy die voordele van die bates wil geniet sonder om dit te besit. Maar pasop vir die vangplekke.

Hyself besit niks, vertel 'n boer my nou die dag. Ewe trots, klink dit vir my, dat hy die finansiële voordele van bates het waaroor hy aan Jan Taks geen verantwoording hoef te doen nie. Is hy slim of is hy dom? Of het hy net die verkeerde raad gekry?

Ons kyk eers kortliks weer na wat 'n trust is. 'n Trust is 'n goeie entiteit om jou bates, of van jou bates, in te hou. Hoekom? 'n Trust laat jou toe om die voordele van die bates te geniet sonder dat dit aan jou behoort.

Daar's twee punte in die vorige sin wat belangrik is. Die eerste is hoekom sal jy bates wil geniet maar dit nie wil besit nie? Is rykdom skep dan nie een van die finansiële doelwitte wat 'n mens vir jouself stel nie?

Alles wat jy besit, is vatbaar deur skuldeisers, vatbaar in 'n egskeiding, vatbaar deur 'n aanwas-eis (met enkele uitsonderings) en vatbaar deur Jan Taks, wat mos maar graag 'n deel wil hê aan elkeen van ons se harde werk. Dus, wat is dan nou beter as om die genietinge van bates te hê sonder om dit aan hierdie risiko's bloot te stel? 'n Trust maak dit tog moontlik.

Maar – en hier is die slegte nuus – jy kan nie jou brood aan al twee kante gebotter wil hê nie. En dit bring my by die tweede punt. Al hierdie beskerming is beskikbaar, maar dit kom teen 'n prys. Jy moet afstand doen van al die bates wat jy na 'n trust toe oordra. Soos ek al tevore benadruk het: Die bates in die trust is nie joune nie. En dit is hoekom jy al die voordele wat ek hierbo noem, kan geniet, juis omdat die bates nie aan jou behoort nie.

Kom ons kyk nou hoe lyk die boer na wie ek hierbo verwys se sake. Hy's nie 'n uitsondering nie; ek sien sulke "beplannings" byna daagliks. Hy het twee trusts, ons noem hulle die Alpha-trust en die Beta-trust. In die Alpha-trust hou hy 'n paar miljoen rand se beleggings en in die Beta-trust hou hy 'n 50% belang in 'n beslote korporasie, noem dit CC, ingesluit 'n leningsrekening ten gunste van die boer vir nog 'n paar miljoen rand.

Hy het bykans geen versekering op sy eie lewe nie, maar wel 'n polis op sy vennoot wat die ander 50% hou in CC. 'n Flink makelaar moes hom sien kom het, want die bedrag versekering is byna dubbel soveel as wat die vennoot se belang in CC is. Die bedoeling is dat die boer daarmee die vennoot se belang kan uitkoop as die vennoot sterf.

Ons kyk eers na die trusts. Die beleggings in die Alpha-trust is gemaak met geld wat die boer op die leningsrekening oorgedra het na die trust toe. Ondanks die raad wat hy hieromtrent gekry het, is die waarheid dat die onbetaalde bedrag van die leningsrekening as 'n gevestigde belang beskou word, en die volle waarde van daardie leningsrekening sal 'n bate in sy boedel vorm en by sy dood belasbaar wees. Intussen is dit ook vatbaar vir skuldeisers. Wat betref die Alpha-trust besit die boer dus nie "niks" nie. Inteendeel, hy besit álles.

**Alles wat jy besit, is vatbaar deur skuldeisers, in egskeidings en deur Jan Taks.**

Om die leningsrekening by dood aan die trust te bemaak, werk ook nie meer nie. Jan Taks beskou dit as skuld afskryf en kan kapitaalwinsbelasting op die volle waarde daarvan hef. En trusts betaal meer kapitaalwinsbelasting as individue, effektief 20%.

Maar ons hoef nie te wag tot hy doodgaan nie. Die boer se vrou verdien tans ook 'n inkomste uit die trust se beleggings met die skenkingsgeld. As Jan Taks meen die belegging deur die trust is bedoel om beleggingsinkomste tussen die boer en sy vrou te versprei en die doel van die lening was bedoel om só belasting in die hande van die boer te verminder, kan hy aangeslaan word asof hy al die inkomste self ontvang het. En hy mag nie eens die belasting wat hy op sy vrou se inkomste betaal, van sy vrou terugeis nie.

Wat die Beta-trust betref, is die lening aan CC eweneens 'n bate in die boer se naam en vatbaar vir sowel boedelbelasting as deur skuldeisers. En dieselfde reëls geld ten opsigte van kapitaalwinsbelasting as die skuld in die testament afgeskryf word.

Die polis is 'n interessante een. Die boer besit die polis, hy betaal die premies, maar die begunstigde is nie die Beta-trust, die een wat die vennoot se belang moet uitkoop nie, maar die Alpha-trust. Wie ook al hom van raad bedien het, is regtig die slim wat sy baas vang, maar dis ongelukkig die boer wat gaan moet hoes.

Hier's die probleem in 'n neutedop: Die waarde van die polis val in die vennoot se boedel vir boedelbelasting. Die Beta-trust kan nie die vennoot se belang uitkoop nie, want die Alpha-trust sit met die geld. Terselfdertyd skuld die Beta-trust steeds die geld op die leningsrekening aan die boer (met die probleme hierbo genoem).

Trusts bied goeie boedelbeplanningsoplossings. Maar maak seker jy verstaan die wyer implikasies ook. Niks kom gratis nie.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* LB

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com***.